BELEGGINGS

Genoeg oliekoek nie gou 'n werklikheid

Suid-Afrika voer tans meer as 1 miljoen ton oliekoek en 800 000 ton plantaardige olie per jaar in, sê mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS). Die behoeftes is dus só groot dat daar "nie in my leeftyd" 'n oorskot geproduseer sal kan word nie.

Dr. Munro Griesel, voorsitter van die PNS se tegnologiekomitee, sê Suid-Afrika gebruik sowat 1,875 miljoen ton oliekoek per jaar. Van verlede jaar se invoer het soja-oliekoek 87,7% uitgemaak. Die res het uit katoen- en sonneblomoliekoek bestaan.

Dr. Erhard Briedenhann van die Veevoervervaardigersvereniging sê die gehalte van oliekoek is belangrik vir die sojaboonbedryf se toekoms. Volgens Scholtemeijer is stories dat Suid-Afrikaanse sojabone van minderwaardige gehalte is, onwaar, want die proteïeninhoud is in die algemeen hoog. As dit egter in 'n aanleg met verouderde toerusting gepers word, kan dit die gehalte van die oliekoek verlaag.

Die PNS is besig met 'n studie om riglyne aan boere te verskaf oor alles wat tydens die produksieproses die gehalte kan beïnvloed. Dit kan dan as deel van 'n produksiehandleiding gebruik word.

Dr. Ferdi Meyer van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid sê Suid-Afrika het 'n groot behoefte aan oliekoek vir diereproduksie.

"Die groot deurbraak vir Suid-Afrika sal bereik word as ons selfvoorsienend ten opsigte van oliekoek word, wat moontlik is wanneer ons 1 miljoen hektaar tot 1,2 miljoen hektaar sojabone verbou," het hy gesê.

Dit is 'n haalbare mikpunt, want daar is baie grond om sojabone op te plant en genoeg boere wat belang stel om die gewas te verbou.

Jongmense, kom skryf in en slaan 'n prys los!

7 tot 11-jariges: 'n Blackberry Curve vir maandelikse wenner.
12 tot 16-jariges: 'n iPad vir maandelikse wenner.
GROOT PRYS NOVEMBER 2012: 'n Laptop aan elk van die twee finale wenners.

Dis pret, dis maklik, dis oor omgewingsbewaring!

Een keer per maand sal Endangered Wildlife Trust (EWT) 'n artikel oor omgewingsbewaring in Landbouweekblad (LBW) skryf. Die eerste artikel sal in LBW 13 April 2012 verskyn.

Wat verwag ons van jou?
Lees die artikel en skryf vir ons 'n brief oor die spesifieke onderwerp vir die maand en jy staan 'n kans om te wen. LBW sal ook die beste inskrywing van elke maand plaas.

Reëls & ander belangrike besonderhede:
Lees meer in die ander Maart-uitgawes van LBW oor die reëls en kriteria asook hoe jy jou brief by LBW kry. (Sien LBW 2 Maart 2012 vir adres-besonderhede, LBW 16 Maart 2012 vir reëls en kriteria, LBW 30 Maart 2012 sal die maandelikse onderwerpe lys).

Kyk uit vir LBW 13 April 2012. Sterkte!

* Terme en voorwaardes geld

omnia
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE*
*the science of growing • wetenskap vir groei

In samewerking met: In support of ENDANGERED WILDLIFE TRUST www.ewt.org.za Landbou weekblad